Safari-groep kap terug ná kritiek op olifantopleiding

Elise Tempelhoff

Beeld, Johannesburg Finaal (Maandag 1 Mei 2006 bl. 15)

Een van die olifante wat verlede week in die Selati-natuurreservaat gevang is, het Vrydag glo "uit liefde en respek" voor haar hanteerder gaan kniel en selfs gesit.
Só het mnr. Howard Blight, eienaar van Elephants for Africa Forever (Efaf), gister gereageer op die storm wat losgebars het rondom die ses jong olifante wat Paasmaandag in die Selati-natuurreservaat gevang is om mak gemaak te word vir die safaribedryf.
"Daar is reeds soveel liefde en respek tussen dié olifante en hul hanteerder, mnr. Rory Hensman, dat 'n mens nie anders kan as om in verwondering te staan nie."
Blight het gesê Efaf is besig om pionierswerk te doen oor die verhouding tussen mens en olifant, terwyl organisasies wat hulle vir dierewelsyn beywer "irrasionele uitsprake maak".
Volgens dié organisasies, waaronder die internasionale fonds vir dierewelsyn (IFAW), Sanwild, Xwe African Wildlife en Justice for Animals, is dit "wreed en oneties" om olifante mak te maak en vir die safaribedryf op te lei.
Hulle meen ook olifante wat mak gemaak word, word uitgelewer aan afsondering en mishandeling.
Blight het gister gesê daar is geen mishandeling ter sprake nie.
"Ons volg 'n beloningstelsel." Hierop sê die organisasies die olifante word uitgehonger en kry net kos as hulle gehoorsaam is.
Intussen het mnr. Rob Snaddon, voorsitter van Selati, gesê die reservaat het te veel olifante wat die biodiversiteit van die reservaat bedreig.
Die bestuur van die reservaat het besluit om nie olifante uit te dun nie, maar om ses van hulle "so menslik moontlik" te hervestig.
Die organisasies het veral ook skerp gereageer op die operasie waartydens helikopers ingespan is om die olifantjies te vang.
Blight het gesê die olifante is nie meer "babas" soos wat die organisasies beweer nie. "Hulle was nie eens teenwoordig nie en nou maak hulle allerlei uitsprake."
Me. Christina Pretorius, kommunikasiehoof van die IFAW, het gesê Suid-Afrika het dringend wetgewing nodig om olifantsafari's stop te sit.
Snaddon het gesê as IFAW 'n ander oplossing het oor wat hulle met hul groeiende olifantbevolking moet doen, sal hulle graag daarna luister.